

## HOOFSTUK III.

### VERENGELSING VAN AFRIKAANS.

*The effect of this anglicising process is a strange anomaly, of which the Afrikaners themselves are apparently unaware. Their outlook on life, their conceptions of the world abroad, their methods of government and business administration, their ideas of sportsmanship, even their manners and forms of social intercourse, bear the trade-mark Made in England . . . . As a social animal the Afrikaner belongs to the species called Briton, and it is perhaps a subconscious awareness of this assimilation that makes the Afrikaner so aggressively anti-British. If you feel yourself becoming what you do not want to be, you are apt to over-emphasize your otherness. And they who are consciously aware of the danger are the most active protestants of the intrinsic difference between Boer and Briton. That explains why racial animosity runs highest in South African centres of learning.*

A. J. Barnouw : *Race and Language Problems in S. Africa* (1933)

*Mens kan darem nie dag om dag vir jou patriotisme uit jou sak betaal nie.*

'n Ou Boer.

### I. LEENWOORDE.

Na verloop van 'n eeu, is byna die hele stoflike en geestelike wêreld van die boerebevolking verengels. Met behulp van 'n maternity nurse en 'n doctor tree ons die wêreld binne ; met behulp van Lactogen word ons groot ; in 'n pram word ons deur 'n nurse-girl rondgestoot ; met Eng. speelgoed word ons harte by Krismis verbly ; ons neem deel aan sport en verag dié wat toon dat hulle g'n sportsmanne is deur nie die game te speel nie ; in Eng.-Amerikaanse moutins ry ons eindelijk na ons trouery, waar 'n Eng. lied en 'n Eng. orkes met Eng. blêr-liedjies, whiskey, claret en champagne die gaste vrolik, en langdradige toasts hulle slaperig maak ; en op die ou end gaan ons dood en word deur Eng. undertakers in 'n Eng. doodkis begrawe, of liever gecremate. "Van die wieg tot aan die graf" is die wêreld rondom ons Eng. En dan—so gewoon is ons hieraan—praat ons nog van 'n

“Afr. Kultuur,” wat glo bestaan uit ou Kaapse huise (deur slawemesselaars geskep en deur Engelse ontdek), sekere “riempies-elemente in die Afr. meubelstyl,” Sarie Marais, en Afrikaans . . .<sup>1</sup>

Dis nie “kultuur” wat die deurslag gee nie, dis £ s. d., dis kos, dis klere, dis voordeel. Die Eng. dokter en die Afr. dokter, die Eng. spoorwegaarbeider en die Afr. spoorwegaarbeider, die Eng. stadsbewoner en die Afr. stadsbewoner het veel meer gemeenskapliks as die Afr. dokter en die Afr. spoorwegaarbeider, die Afr. stadsbewoner en die Afr. plaas-nefie. Elke groep het sy eie kultuur, en dus sy eie behoeftes en sy eie taal wat nie altyd en nie heeltemal vir die res van die wêreld verstaanbaar is nie. Baie van die Eng. taaleenhede wat ’n bepaalde Afr. groep gebruik, sal dus eng-tegnies wees,

<sup>1</sup> §Lettere. “Ons gelaakte selfgenoegsaamheid, wat maak dat ons groot woorde skreeu oor kultuur en nooit ’n Afr. boek of ’n skildery koop nie. Daar is by ons meer wesenlike belang in sport, kerklike en politieke kwessies en in kultuuroradies, as in letterkundige en algemene kunsuitinge.” (Dr. F. E. J. Malherbe, DB 21.1.36). “Sal ons dit miskien weer aan Engelse oorlaat om ons te leer wat mooi is in ons letterkunde, soos hulle ons geleer het wat mooi was in ons boerewonings en meubels . . . toe dit te laat was? . . . Kultuurretoriek, lewensvervalking, politici wat trots gaan op ons letterkunde en taal en self geen boek aankoop of op ’n ernstige letterkundige tydskrif wil inteken nie.” (Dr. F. E. J. M., DB 23.3.36).

(Toe die Nuwe Brandwag doodgekwyn het) “Waar was diegene by wie ons letterkunde en kultuur so swaar geweeg het? Waarskynlik ywerig besig om na politieke vergaderinge te jaag en mosies van vertrou en wantroue in een of ander leier aangenem te kry.” (C. M. v. d. Heever: *Die Afr. Gedagte*. § Beeldende Kunste. “(Dr. K. Bremer) meen dat die kunsbesef by die plattelandse bevolking nog uiters laag is. Die boere lees baie min Afr.” (DB 21.1.36.) “’n Materialistiese gees wat S.-Afrika domineer? Dit is maar met alle jong volke so. Ons moet eers ons brood verdien, om dan ons aandag te gee aan kuns en kultuur.” (Mnr. P. Thatcher, *ibid.*)

§ Musiek. “Hoewel (die Kaapse Maleier) die woord ‘kultuur’ nie ken nie, staan hy, wat beoefening van die lied betref, kultureel hoër as die Afrikaner.” (Dr. I. D. du Plessis: *Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afr. Volkslied.*)

“Ons skreeu heeldag kultuur! kultuur! en kuns! maar hoe kan ons nou verwag dat ons ’n sulver kultuur het as ons dit net van een kant af suiwer en die ander bly verwaarloos? Die deel van ons kultuur wat die meeste verwaarloos word, is ons musiek, veral dié wat op die grammofoonplate (en aan die radio—H. J. R.) vir ons aangebied word, daardie blikgeraas van konsertina en mondfluitjie, en die skree-stem van iemand wat ‘Hou jou Roksak toe’ en ‘Die Witbroek sit nie mooi nie’ sing . . . die gekletter van die ‘Saamjöl Polkas’ en ‘Mooimeisies Walse’ en die geskree van die ‘Moenie aan my vat nies’ en ‘Tannies met die Rooi Rokkie’ . . . Moet ons dan ons musiek deel met die klonkies in die kroeg? . . . As ons vir die tremmaatskappy kan sê ons wil hê die bordjies langs die strate moet tweetalig wees, waarom is ons te bang om vir die vervaardigers van die grammofoonplate te sê hulle moet musiek wat die naam van kuns werd is op hulle plate sit?” (Korresp., DB 19.6.36.) Die grammofoonmaatskappye sê dat die Afrikaners daardie blikgeraas wil hê, en die kunsplate nie koop nie. Maar nou sal ons die Radioraad kan dwang om vir ons goeie musiek te skep sonder dat ons hoef te betaal.

“As (Sarie Marais) nie oorspronklik ons eie was nie, dan het dit tog deur die jare ons eie geword, veral as gevolg van die tipies Afr. bewoording . . . Wat gaan Bourdon maak met eg Afr. liedjies soos ‘Wanneer kom ons troudag,

en alleen in die breë stroom van die algemeen-Afr. meegevoer kan word as dié groep se bedrywighede algemeen Afr. behoeftes skep.<sup>2</sup> Verskeie faktore dra by tot dgl. kulturele en taal-eenvormigheid, soos die pers, advertensies van groep-produkte, goedkoop winkel-artikels (bv. tickey-bazaars), die bioskoop, radio, sport, ens.—Hoe intiemer die beeld wat die verengelste simbool aandui, hoe intiemer die Eng. invloed; ons beskouing beweeg dus van die tegniese langsamerhand na die intieme.

Die **Regeringstelsel** (goewerment en politiek) was die gebied wat die spoedigste verengels het; hier dring die tegniese taaleenhede aan die begin moeilik deur tot die Afr. volk; vereers openbaar dié invloed hom by kennisgewings in koerante en op openbare plekke. Met die uitbreiding van

---

Gertjie, 'Vat jou goed en trek, Ferreira,' en 'Ou Tante Koba,' wat veel laer staan as 'Sarie Marais' (Eg-Afr. musiek staan veel laer as Neërmusiek!) . . . Ek vrees ons staan as volk nog op die onderste sport wat musikaliteit betref. (Sarie Marias) het net soveel reg om as nasionale lied beskou te word as wat rugby het om as nasionale spel beskou te word." (Dr. E. C. Pienaar, DB 1936.)

§ **Geskiedenis.** "Ek lees in *Die Burger* dat 'n Nasionale Teater bepleit word. Hoe moet so 'n onderneming ooit tot iets tasbaars word? Ons sukkel al byna vyf jaar om 'n Voortrekkermunument op te rig. Ons het al op allerlei maniere probeer fondse insamel vir hierdie doel en met groot gesukkel—met seëls, met regeringshulp, met spesiale kollektes—het ons 'n miserebele paar duisend pond vir hierdie dure volkspelig bymekaar! Vergelyk ons daarmee die ywer en gretigheid waarmee daar bygedra word (£57,000 binne 'n jaar—H. J. R.) tot die oprigting van 'n Nasionale dagblad in Transvaal . . . dan sien ons waarvoor die Afrikanerhart nog warm klop! . . . Neem die geval van ons F. A. K. wat ook onlangs 'n noodroep laat hoor het omdat sinds sy ontstaan 5 jaar gelede nog geen £5,000 byeengebring is vir sy instandhouding nie!" (Korresp., DB 24.1.36.)

"Die burgemeester van die Paarl het 'n vergadering vir Donderdagaand belê op versoek van die Administrateur, om te beraadslaag op watter wyse die Paarl fondse moet insamel vir die voorgestelde Voortrekkermunument. Verlede week, op 'n stadsraadsvergadering, het hy spesiaal die raadslede versoek om teenwoordig te wees, en met hierdie groot volksdoel voor oë het hy die vergadering wyd bekend gemaak. En die opkoms op die vergadering? Tien Afrikaners uit byna 20,000 . . ." (Korresp., DB ong. Jul. 1936.)

**MONUMENT VIR VOORTREKKERS.** Riversdal . . . geen 20 mense in die saal . . . Met nog elke politieke vergadering totdusver was die saal tot oorloopenstoe gevul (DB 19.11.36).

§ **Sedes.** "Ons Mense Lees nie . . . Ons weet dat daar duisende Afrikaners is wat nog aan goël en toordery glo . . . Maar ek het nie kon dink dat daar nog gawe mense is wat glo aan beswering en hekserie nie . . . aan paljas, aan drankies uit allerlei helse bestanddele byeengevoeg, en nog meer sulke sake . . . Die twee mense waarvan ek skryf lees so te sê nooit; die bure wat so begaan is oor die hele geskiedenis, lees so te sê nooit; om te lees, selfs die eenvoudigste stof, is vir hulle werk, baie swaar werk. En hulle moet as landsburgers opkom; en moet stem, en meepraat, en alles verkeerd oordeel . . . En daar is baie duisende van hulle. En ons getalle is min." (M. E. R., DB 13.7.36.)

<sup>2</sup> In die Poswese is bv. feitlik alle boeke, formuliere, ens., wat slegs vir die personeel bedoel is, eentalig Eng., bv. *Stamp Book, Abstract Book, S.B.7. Daily Account Sheet.*

die Eng. demokratiese instellings en gebruike, en die geleidelike deelname daaraan deur die oorweënd Afr.-sprekende bevolking, vir wie die politiek van die vroegste dae af 'n besondere bekoring gehad het, was dit egter onvermydelik dat, hoewel Eng. woorde deur aspirant- en werklike Volksraadslede en die Pers versprei sou word, hierdie gebied baie gou verafrikaans sou word. Leenwoorde soos *empire, serjeant-at-arms, speaker, quorum, pact, gentleman's ooreenkoms* (DB 13.7.32), het of 'n besonder betekenis of is min gebruiklik; die elemente wat 'n volksaak geword het (en in die Parlement is die hardste gevegte vir Taal en Volk gelewer), is in meerdere of mindere mate verafrikaans en vorm 'n magtige groep wat ons hele taallewe deurtrek, bv. *Progressief, Unionis, Koalisionis* (reeds by die meeste Afrikaners sielkundig suiwer—hulle 't die Eng. nooit geken nie), *eleksie, L.V., senator, die agb. lid vir, partypolitiek, dominium*, ens. ens. Hoe sterker ons ons Afrikaansheid gevoel, hoe “suiwerder” word die Afr. pers (met die oog op leenwoorde), met die gevolg dat die kanse van bv. *bill, whip* en *budget* om volkswoorde te word, nul is; al is die Eng. miskien korter (bv. *bill* naas *wetsontwerp*) kom die Afr. al vanself, tensy die Eng. “onvertaalbaar” is, bv. *caucus* (*partyvergadering* is iets anders), *veto*. Aangesien ons hele regeringstelsel en politieke lewe, en selfs ons lewensopvatting op hierdie gebied, en dus feitlik die hele taalgebied een groot angl. is, sal dit wel nooit moontlik wees om suiwer-Afr. te verkry nie; op sy beste sal die Afr. taaleenhede “lehnübersetzungen” wees.

Die sentrale bestuur het party van sy mag aan **plaaslike besture** afgestaan; so kry ons Afr. samelewing die sake wat aangedui word deur die Eng. of die vertaalde terme *administrateur, provinsie, L.P.R., distrik, afdelingsraad, £-vir-£-stelsel*. Die volk wat op die paaië werk praat net van die *kósilkarre*, die *kósil* se esels, se *pay*; van die *ghrewwel* en die *roulir*, ens. Tussen die Regering en die bevolking staan die—

**Regspraak.** Hoewel ons Reg in die grond van die saak nog die ou Romeins-Hollandse is, het daar nuwe Eng. ontwikkelings (bv. strafreg en handelsreg) bygekom, en veral het die uiterlike regspraak Eng. vorms aangeneem,

wat die Afrikaners (baie van wie vroeër in die binnelande g'n hooggeregshof ooit binnegetree het nie) laat voel het dat hulle met 'n heeltemal Eng. ding te maak het. Vandaar o.a. *Master, jurie, polies/man/stasie, hardepad, magistraat, V.R., bloedhond, permit*. Deurdadig die voertaal van ons howe Eng. is, word Eng. regsterminologie, presedente, en beginsels ingesmokkel. Nie net die regters nie maar veral die Afr. juries en prokureurs of advokate het hier skuld aan: hulle kan Afr. vereis as hulle wil.

Dat daar in die

**Staatsdiens** orals Eng. invloed te bespeur sal wees, is dus vanselfsprekend: orals was die Eng. eerste daar, en in die meeste gevalle het Eng. meer as 'n eeu lank die alleenheerskappy behou. Die gevolg is dat selfs waar die Afr. vandag onder of naas die Eng. gevind word, dit 'n letterlike vertaling en dus noodwendig lomper en langer as die Eng. is (nuttige wapen in die hande van die anti-Afrikaners): bv.

FOR PRIVATE CARS ONLY

ALLEEN VIR PRIVATE KARRE

In die meeste gevalle sou 'n Afr. 'n die administrasie daarby wen as heeltemal oorspr. Afr. kennisgewings wat die beeld vertaal en nie die Eng. simbool nie, aangebring word<sup>1</sup>; bv.

NET PRIVATE MOTORS

Van langer kennisgewings, ens., geld dit in nog groter mate. Amptelike Afr. moet dikwels terugvertaal word voor mens dit kan verstaan. Gelukkig is sy invloed betreklik beperk (net 'n paar L.V.'s, navorsingstudente en joernaliste lees die "witboeke," "blouboeke," "Jaarboeke," ens.), tensy 'n dagblad bv. 'n reeks artikels oor een of ander Staatsuitgawe publiseer, en die kantoordialek daarin besig. Die Eng.

<sup>1</sup> Vgl. die onsinnige maar offisiële SPOORLOSE TREMSTOP × TREMBUSSTOP; AANKLAGKANTOOR × AANKLAGTES; die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie × die Raad "Elektrisiteit". Afkortings is natuurlik Eng., bv. Escom, Yskor, W (fluit). "So iets soos 'n eie begripsvorming in Afr. bestaan glo nie, laat staan 'n oorsetting in waaragtige Afr." (Korr., DB 19.12.35.) Voordat dit kan gebeur, moet die staatsvertalers nougesette letterlikheid opoffer aan verbeeldingryke Afrikaansheid, anders smoor die bewoording van wet of ordonnansie die Afr. benaming in die kiem.

ontlenings bly eweneens meestal tot die amptenare in die betrokke departement beperk, of slaan ooreen met die taalgebruik van gewone kantore en handelsake. Dis opmerklik dat, terwyl die gewone opgevoede Afrikaner dikwels die Afr. benaming gebruik, die opgevoede Afr. amptenaar wat daadwerklik in die bepaalde departement self betrokke is, dikwels die Eng. benaming gebruik; bv. gewone Afrikaner se *buuroó* × amptenaar se (*onderwys*)*bjóerou*. Af en toe word Staatsismes algemeen gebruiklik, bv. *Uniegeboue* i.p.v. *Uniegebou*.—Hierdie afdeling is egter enersyds te diffuus en andersyds te lokaal om verder voorbeelde aan te gee.

Miskien kan ons *militêre sake* hier tuisbring, bv. *bisley*, *verdedigingsmag*, *kadet*; en meer bepaald ons oorlogsondervindings: *hands up* (*hensopper*), *revolver*, *blokhuis*, 'n *brug opblaas*, *dinamiet*, *kampe*, ens. Weens die aard van hul ontstaan in die Afrikaner se siel, is baie hiervan onuitwisbaar.

Die belangrikste en invloedrykste afdelings van die Staatsdiens is die

**Spoorweë** en die Poswese omdat die volk direk met hulle in aanraking kom en sterk behoeftes i.v.m. hulle ontwikkel het. Soms is die Eng. al heeltemal verdraaid, soms heeltemal verafrikaans (bv. *brug*—tussen twee waens): *spoorweg*, *stasiemeester*, *passasiersgoederetrein*, ens. Baie van die Eng. woorde stem met gelykklinkende Afr. ooreen, sodat die Eng. makliker posvat en die klein (of afwesige) betekenisoooreenkoms uitgebrei word, bv. *boek*, *stop*, *mis*. Die meeste van die algemene spoorwegterme is al verafrikaans, bv. *hooflyn*, *seisoen/ekskursiekaartjie*. Dikwels is dit blote onkunde en nie pronksug nie wat tot die gebruik van die Eng. terme lei, bv. "As die trein stop wil ek die ticket laat endorse deur die conductor om waaia Salt River te ry. Dis dan valid vir ses maande." Die enger-tegniese benamings is legio, bv. *vacuum*, *shift die points*, *shunter*.

Afgesien van die algemene Engelsheid van die Staatsdiens, is die Eng. kenmerke van die Spoorwegterminologie te danke daaraan dat die spoorweë 'n Eng. uitvindsel is, wat later veral in Engeland verder ontwikkel het (1825 Geo. Stephenson),

dat die eerste spoorlyn in Afrika deur 'n Eng. maatskappy uit Engeland met Eng. ingenieurs en materiale aangelê en bestuur is (Kaap-Pêrel 1854), en dat sindsdien alle spoorwegmateriaal en -bedrywighede (onverskillig of hulle van Amerika of Duitsland kom) by hul aankoms (en later vervaardiging) in S.-Afrika slegs onder hul Eng. name bekend is. (I.s. Amer.-Eng. invloed v. bls. 107). Met die opkoms van die Afr. ingenieur en tegnikus, kan ons 'n vermindering in die aantal leenwoorde en 'n vermeerdering in die aantal ismes en leenoorsettings verwag.

Hier wil ons nog net daarop let dat deur middel van die spoorweë (a) party oorspr. tegniese terms 'n uitgebreider betekenis en wyer gebruiksfêre gekry het, bv. *eerste klas*, *stop*, en (b) die Afrikaner ook met ander Engelshede soos kossoorte, hotels, dranksoorte, ens. in aanraking gekom het.

In sommige opsigte val die Spoorweg- en die Postterminologie saam met die gewone Handelstaal, bv. *cash-book*, *balance* (snw. en ww.).

Onder die terme wat meer bepaald by die

**Poswese**<sup>1</sup> tuishoort, is die volgende: *pos* (snw. en ww.), *posmeester*, *geldorder*, *registreer*, *H.P.K.*, *P.M. Generaal*, *I.S.M.D.*, ens. Ook die telegraaf is deur-en-deur Eng., soos bv. *wire*, *reply paid télégramme* bewys. Hy is egter te duur en ongerieflik om veel invloed op die volksmassas te hê; met die *téllefoon* is dit anders gesteld: mense wat 'n phone het, *phone/foon/telefoneer/ring/oplui/opring* hulle vriendinne wat ook op die phone is deur hulle net 'n *ring/lui* te gee; as mens 'n trunkcall wil deursit, moet jy eers vir Records vra, en as die tyd op is moet jy *afring/lui/phone*; dan is daar nog *bylyne*, *hooflyne*, *partylyne*, *phone-calls* (dan antwoord mens die foon!), *call-offices*, *Personal Service Trunk Calls* (Persoonlike Diens hooflyngesprekke), *fonogramme*, die *exchange*, *central*, die *hellogirl* aan wie mens op Eng. "Hallo!" deur die receiver sê, en wat vra of *exchange* jou nommer gevat het, ens., ens.

<sup>1</sup> 1806: eerste gereelde posdiens in S.-Afrika ingestel; 1853: eerste posseëls; 1876: eerste seeposkontrak; 1898: S.-Afr. Posunie (Kaap soos gewoonlik die leier); 1899: S.-Afr. Seeposooreenkoms; 1931: lugpos — alles Eng.

Aangesien die Radioterminologie dikwels met die telefoonterminologie ooreenslaan, noem ons dit net hier, bv. Kaapstad Roep!, Goeienaand almal!, kinderruim, earphones, loudspeaker/luidspreker, broadcast/ingstation, Kaapstad is op die lug, uitsaai/stasie, aankondiger, op 'n golfengte van . . . , musiek kom oor, aerials, insulators, lead-in, earth, terminals. Die Eng. oorheersing is hier des te opmerkliker omdat tot omtrent 1934 die meeste "draadloos"- "sette" in S.-Afrika deur die Nedl. maatskappy Philips gemaak is—maar as hy hier kom, is hy Eng.! Op die oomblik oorheers Amerika die radiowêreld, bv. *transmissie*.

Wie 'n oorsig van die verafrikaanste verengelsing van die Staat wil hê, hoef net die Telefoonadresboek na te slaan en te kyk na die "Alfabetiese Lys van Goewerments-departemente."

**Verkeer.** Ook ander soorte verkeer het tengevolge van Eng. invloed en inisiatief ontwikkel of ontstaan; party van hulle staan nou in verband met die Staat. So bv. *asfalt, padploeg; (omni)bus, train, hou links!*, *brake, grease, horssweep; motor(kar), kar* ('n Afr. kar het twee wiele), *vrywiel; motorfiets, sykar; aeroplane, stoomskip, mailboat*.

Selfs in die Transvaal kon die Z.A.S.M. in die ou dae blykbaar nie veel uitrig nie (trouens, die Eng. terme is gewoonlik internasionaal), want vandag is die eertydse Republieke in hierdie opsigte byna nog Engelser as die Kaapland. Die *moutir* verdien afsonderlike vermelding; hy is orals, hy is 'n siekte, en alles aan hom is (Amer.-)Eng. In die ou dae het ons gepraat van "soveel *wur* te perd/met die kar"; nou sê ons: "75 myl per uur" met 'n "sewentig-perdekragweeagsilindermotorkar."

Soos in die ander gevalle, is dit interessant om hier op te merk dat, hoe jonger die saak, hoe minder Eng. dit word, bv. *alleenvlug (solo flight), deurvlug (non-stop flight), skokdemper (shock absorber), 'n bomwerper (DB 21.1.31), 'n eendekker-vliegtuig (do.)*. Dit is te danke aan die groter verspreiding van Afr. lektuur (veral die koerante) en die leiding wat dié lektuur aan die Afrikaner verskaf. Dit sal

<sup>1</sup> In nie-Britse lande "hou" hulle regs.

dus waarskynlik almeer gebeur dat die Afrikaner die name van nuwe begrippe heel eers in Afr. sien, en dat hulle dus nie sielkundige -ismes sal wees nie.

Ook die

**Pers** is egter oor die hele wêreld baie aan Engeland verskuldig, en in S.-Afrika byna alles.<sup>1</sup> Deur middel van die Eng. pers is woorde soos *penny horrible*, *city late*, *sporting* (eintlik eiename), *interview/er*, *review/er* bekend geraak; die Afr. pers het die Engelsmanne in Afr. velbroeke en -skoene gesteeek, en praat van die *laaste edisie*, die *sub-editeur*, *hooflyne*, *aand/môre/oggendkoerante*, die *geel pers*, ens. In die Afr. sportverslae veral krioel die -ismes, groot en klein (vgl. afd. Sport), terwyl ons beste blaaië soos *Die Huisgenoot* (Rubriek "Met 'n Greintjie Waarheid" o.a.) en *Die Kleinspan* soms baie on-Afr. is (bv. 25.12.31). Die soort humor (of grappigheid) waarop ons blaaië hulle toelê, is dikwels heeltemaal strydig met ons volksaard: ons kan nie, soos die Engelse, "witty" wees nie, ons kan nie oppervlakkige blink gesegdes verkoop nie, ons humor is die natuurlike, realistiese wat veral in werklike voorvalletjies behae skeep, al is hulle soms taamlik grof. In die *Korsies van Pasteie*—uiting van ons hooggeroemde Afr. humorsin!—kom mens keer op keer growwe angl. teë wat alleen deur vertaling uit Eng. kon ontstaan het, of tref mens elkers die stereotiepe Eng. grappe (waaroor die Engelse lag omdat dit die mode is) in verband met skoonmoeders, Pat, Sandy, Ikey, ens. aan. Hier volg 'n voorbeeld van 'n dgl. -isme:

'n Grootprater was besig om van sy reise te vertel en sê: "Toe ek uit daardie digte woud uitkom, sien ek voor my 'n gapende afgrond."  
"Was dit 'n gapende afgrond voordat jy daar aangekom het?"  
vra sy vriend droogweg.

Lees Punch, en u kom die tweelingbroers van byna al ons literêre grappe teë. Deur middel van die pers raak ons ook bekend met tegniese en wetenskaplike sake, en met spesifiek-Eng. sake waaraan ons g'n behoefte en waarvoor ons dus geen woord nodig het nie, bv. *loch*, *moor*, *Roundheads*, *Lloyd George*, *lord*, *dreadnought*, *lynch*, *Capitol*, ens.

<sup>1</sup> 1800: eerste koerant in S.-Afrika—tweetalig; praat van "nuwspapier" maar ook van "packhouse".

In alle lande staan die taal van die

**Handel** meer onder vreemde invloed as enige ander groeptaal; vir S.-Afrika beteken vreemde invloed "Engelse invloed." Na die opkoms van die Eng. industrie vanaf omstreeks 1750, was konkurrensie met die Eng. handel selfs in Europa byna onmoontlik; in S.-Afrika was daar g'n konkurrensie nie. Eng. was en is nog altyd die handelstaal van S.-Afrika; selfs die pogings tot verafrikaansing is meestal -ismes. Alle handelsware, -stelsels, -uitvindings, ens., onverskillig waarvandaan hulle oorspronklik kom, tree S.-Afrika met Eng. name binne. (Amer.-Eng. word hier ingesluit: die Amer. invloed word al sterker.) Taalsuiwerheid raak hier twee partye: die handelaar en die verbruiker. Wat die eersgenoemde betref, vir hom kan dit min skeel watter gebrou hy praat mits hy sy doel kan bereik; en aangesien byna alle Afrikaners Eng. kan lees, en nie alle Engelse Afr. nie, en aangesien dit vir hom moeilik is om sy *ready-made* Eng. te vertaal, gebruik hy orals, behalwe in sterk-Afr.-gesinde blaaië, Eng. (Vgl. bv. Telefoonadresboek van Boland—net een enkele Afr. advertensie, uitgesonderd amptelikes.) Andersyds raak dit die verbruiker. Die Afrikaner is spaarsaam, selfs suinig (soos die meeste ander volkere wat nie ryk is nie), en as iemand doeltreffend en goedkoop in sy behoefte kan voorsien, kan dit hom bloedweinig skeel of dit 'n Koelie of 'n Jood of 'n Engelsman of 'n Afrikaner is; sodra die gebruik van Eng. egter sy sak raak, word hy somar 'n groot patriot en kampvegter vir sy taal. Gewoonlik sorg die sakeman dat ons tevrede is, en wie wil dan nog so onbeskof wees om te lol oor 'n bykomstige sakië soos die taal wat gebruik word? Vandaar dat baie min openbare sake dit nodig vind om tweetalige katalogusse, prospektusse, formuliere ("vorms") ens. te publiseer—daar is g'n aanvraag na nie, want die Afrikaner wil nie ekstra daarvoor betaal nie; maar as hy iemand kan dwing om Afr. te handhaaf sonder dat dit sy sak aantast, wag hy nie—vandaar dat alle Regeringsake absoluut tweetalig moet wees, al blyk dit dat om die Afr. handboeke, ens. byna

niemand ooit vra nie.<sup>1</sup>—Tensy S.-Afrika eendag volmaak tweetalig word, sal die sakeman tot wie se voordeel dit is, Eng. gebruik; en sal die Afrikaner tot wie se voordeel dit is, van sy Eng. dienste gebruik maak. Op dié manier het Eng. artikels met Eng. name en Eng. gebruiksaanwysings of Eng. boekies al meer as 'n eulank ons land oorstroom; of as 'n slim sakeman sy afset deur die gebruik van Cape Dutch wou uitbrei, het hy 'n soort gebrou voortgebring wat mens liewers maar die Eng. laat lees het. En ons Afr. advertensies in hierdie verligte jaar 1936!

“Enkel Steen Diamant Verlowingsring op maklike terme; halfprys dae; Uwe vir 5/-! Waarde vir geld; Nuwe 1936 motors; K. vir Beter Klas Klere; 'n Buiteband van Kwaliteit; Hoog van Kwaliteit, Laag van Prys; Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk;

Mooi Sestien . . . .

Verskillende behandelings was met angs geprobeer . . . .  
sy sou vir 'n dag of twee 'n bietjie beter lyk en dan . . . .”

Hoe “suiwerder” die Afr. vorm word, hoe gevaarliker word die siekte omdat hy des te makliker by die leser ingang vind; en hierdie goed word in groot dik letters op die in die oogvallendste plekke gedruk.

<sup>1</sup> Twee voorbeelde: 'n Korresp. uit Vryburg skrywe in DB 14.7.36: “Vandag ontvang die boere hulle roontjeks . . . Ons dorp is dus baie woelig . . . . Mens kan by die blank winkels ingaan en niks buitensporig opmerk nie, maar gaan in die Koeliewinkels en hulle is vol blankes wat daar handel . . . Dit is 'n daaglikse verskynsel dat sommige boere hul produkte by blankes verkoop en dan die kontant by die Koelies gaan uitgee, en dan het hulle nog die yermotelheid om die Koelies te versoek om die goedkoopste goed na een of ander blanke se winkel te stuur om daar opgelaaie te word. Die grootste gros van die klandisie van die Koeliewinkels bestaan uit boere . . . Ons vra die Regering om wetgewing in te dien om te verhoed dat blankes deur Koelies in diens geneem word, maar ons is self verantwoordelik vir die indiensneming. Die Koelie neem nie blankes in diens om Kaffers te bedien nie, maar om die blanke klandisie te bedien.”

Net voordat die “Uitsaai-korporasie” onder Staatsbeheer gekom het, is daarteen protes aangeteken dat verjaardagsgroete aan Afr. kinders gewoonlik op Eng. “uitgesaai” word. Die maatskappy het geantwoord (DB 7.12.35): “By ontvangs van 'n versoek (om verjaardagsgroete) word 'n tweetalige vorm aan die kind se ouers gestuur . . . om te voorkom dat die kind in die verkeerde taal aangespreek word. Ondanks hierdie voorsorgmaatreël en ten spyte van herhaalde versoeke oor die draadloos aan ouers om ons in kennis te stel in watter taal hulle verlang dat die kinders aangespreek word, bly die verhouding van Afr. versoeke teenoor die Engelse baie gering,” nl. Kaapstad 0.65%, Johannesburg 8.74%, Grahamstad 2.1%, Durban 0.017% van die totaal. Hierop antwoord die Skierellandse Skakelkomitee: “Hierdie argument . . . daar sit niks in nie. Self-respekterende (*sic*) Afrikaners weier eenvoudig om spesiaal te gaan aansoek doen dat hul kinders in Afr. toegespreek word.”

Noudat dit 'n staatsinstelling is, sal ons natuurlik daarop staan dat die “50-50 basis” gehandhaaf word.

Soos by die *Vlaminge* in Vlaandere, is ons belangrikste taak in S.-Afrika die verafrikaansing van die sakewêreld veral deur daadwerklike deelname daaraan. *Algemeen*: Die taal van die handel moet aan alle moontlike verbruikers verstaanbaar wees; in S.-Afrika ken inboorlinge, kleurlinge, koelies en Afrikaners almal Eng. Vandaar dat alle handelaars in S.-Afrika, of hulle nou Italianers of Jode of wat ook al is, Eng. ken. Die Jode veral het 'n groot aandeel aan die verengelsing van die handel gehad, ook deur die Afrikaner daarvoor bang en afkerig te maak. Die geld wat "gemaak" of verloor word, het Eng. of vertaalde name; bv. *sterling, penny, sixpens (sikspens), sewe pond tien en ses (7 pounds, 10 and 6)*; die mate en gewigte is eweneens Eng.: *pint, gallon, bushel, yard*.

Afgesien van die besondere toestande in S.-Afrika het die Eng. sakeaanleg oor die hele wêreld baie invloed uitgeoefen, sodat daar in alle beskaafde tale Eng. sakewoorde en uitdrukkings bestaan; in Afr. het ons o.a. *boom (DB 5.1.31), boycott, dumping (DB 26.1.31; 13.7.32), pool (graan "*, 19.1.31, *spieritus "*, 24.1.31), *ring, trusts (24.1.31)*. Ons purisme vertaal egter sover moontlik: *besigheid is b., XYZ en Ko., Bpk., massaproduksie, vryhandel, kosprys*, ens. Hier hoort ook lettername soos SANLAM tuis (v. bls. 107). Ons **bankwese** bestaan uit Eng. banke met hoofkantore in Engeland (die Afr. banke het met 'n enkele uitsondering bankrot gegaan), en selfs die splinternuwe "Reserwe"-bank en "Land" bank en die ouer "Posspaar" bank is op Eng. lees geskoei. Vandaar dat alle tegniese terme of Eng. of vertaalde Eng. is, bv. *tjekboek, teller, tjek/salaris trek, bank/pondnoot*. Dieselfde geld van ons **Assuransiematskappye**: 'n *polis witneem, S.-A. Onderlinge (mutual) Lewensversekeringsmatskappy, derdepartyrisiko*, ens.<sup>1</sup> So ook kon die boerbevolking net die Eng. terme van die **kantoorlewe** verneem, bv. *office, duplicator, losblaaieregister, kantoorure, boekhouer*. Die **koöperasie** is 'n Eng. nuwigheid; so die *K.W.V., eierkringe, boerekoöperasies*, ens. Die naaste aan die daaglikse lewe van elke Afrikaner staan egter die **winkel**, wat veral van Eva

<sup>1</sup> Die meeste soorte assuransië het in Engeland en Amerika ontstaan of is daar ontwikkel, en die res is Eng. as hulle hier aankom, bv. Workmen's Insurance (oorspr. Duits).

se behaagsug gebruik gemaak het om sy kronkelinge rondom die Afrikanervolk te slaan. So kry ons *stock* (snw. en ww.), *store/stoor*, *order*, *probeer die Nas. Pers vir troukaartjies*, *15-juwel beweging*, ens. Die **Hotel** sluit weer by die vermake en die spoorweë aan ; die *hotelhouders* het vir Afr. verryk met *diningsaloons*, *billiardrooms*, *bars*, ens.

Die **Nywerheid** is die produserende sy van die sakewêreld en ook opreg-Eng. Die Afr. taalgebruik wissel hier af volgens plaaslike behoeftes ; so is daar *jam-factories* op een plek, *cement-werke* op 'n ander, *creameries* op 'n derde, ens. Feitlik alle *machines* en *masjienerie* is Eng. en versprei Eng. taaleenhede deur middel van hul Eng. opskrifte, leerboekies, ens. ; bv. *pompenjin*, *driving shaft*, *pulley*. Elke bedryf het sy eie behoeftes en taal ; bv. *compounds*, *concrete*, *shafts*, *lime-kilns* in 'n *cement-factory*. Is die werkers ontevrede oor hul *pay*, dan besluit die *union/unie* om te *strike* ; *overtime* werk is nie so erg nie, maar *sweating* en *lock-outs* is sake van belang.

**Elektrisiteitsterme** is wyer verspreid : van die eerste *power-station* af met sy *bulbs*, *switches*, *generators*, *units*, ens. tot vandag se *eenhede*, *kragstasies* en *Elektrisiteitsvoorsienings-kommissie* is alles Eng. Op nywerheidsgebied kry selfs S.-Afrikaanse produkte Eng. name, soos *K.W.V. Grape Juice*, *Waverley*, *Jiffy*, *Tiger Oats*.—Hier moet ook op die **Delwerye** gewys word. As die *diggings* geproklameer word, is daar 'n *rush* waaraan talle boerseuns deelneem om hulle *claims* af te *pen* ; hier moet hulle dit *level*, soek na diamante, in *gangs dig*, *bantams uitsort* op die *sortingtable*, kry hulle *blanks* of 'n *gelukkie*, wat kan bestaan uit 'n *mekkel* (Du. *Makel* word Eng. word Afr. ; vgl. *bantam* uit Afr. *band-om*) of 'n *blue white*. Dan *bargain* hulle met die *diamondbuyers* ; en as hul geld op is, *gravitate* hulle maar weer die *gravel*. Op dié manier bring die boerseuns talle ontlenings en angl. in die Afr. van hul vriendekring.

In verband met die sakewêreld moet ons net kortliks na die Eng. **handelsmerk** (gewoonlik *trade mark* of *brand of maak*) verwys : hulle word net soos alle ander nuwe woorde aangeleer, en is van min belang tensy hulle 'n deurlopende kenmerk vertoon wat die gewone taalskat kan beïnvloed deur

vriendekringe te vorm; die belangrikste in hierdie opsig is dié op -INE, bv. *aspir/glycer/gelat/vaseline*. Die gevolg van so 'n sterk taalgewoonte (-INE uitgespreek -IEN) is dat nuwe, selfs Nedl. woorde wat ingevoer word op dieselfde manier uitgespreek word. Baie eiename word egter soortname, bv. *maxim, mauser, B.S.A., lysol, vicks, Shell*.

Aangesien Eng. so 'n groot handelswaardé en alleenheerskappy besit, verwag ons om by **Ambag** en beroep Eng. invloed aan te tref. Die ambagte is egter betreklik beperk, en hul invloed brei hom nie ver uit nie. Daar bestaan egter *carpenters*, ens. met hul Eng. terme, bv. *smoelpleen, rofkas (rough-cast)*. Wat vissery betref, vertoon die Afrikaner geen kennis van of liefde vir die see nie, sodat *dek, skoener, treiler, kotter, bries, skwal, hoek* (Nedl. *haak*) waarskynlik herontlenings is; die nuwerwetse tydverdryf met 'n lang stok, *reel, sinkers* en *float* is ongetwyfeld Eng.

**Beroep.** Hoe wetenskapliker die lewenswerk word, hoe Engelser word hy in die reël. Die belangrikstes kan ons as volg na gelang van hul Engelsheid groepeer: spesialis, dokter, nurse, dentist, chemist, engineer, surveyor, prokureur, advokaat, onderwyser, predikant. Dis veral aan die in Londen en Edinburg opgeleide dokters te wyte dat die name van siektes en medisyne so dikwels Eng. is (die eufemismesug het meegewerk). Hier kom ook hospitaal terme soos *matron (matrone), huisdokter, besoekure*, ens. en algemene terme soos *physical exercises, op dieet, patent medicines* (waarvan die Afrikaner verbasend veel hou), *epsomsout*. Die ander vakmanne kom minder en op minder intense wyse met die gewone man in aanraking; vandaar dat hulle taal selde groot invloed uitoefen, bv. die tandartse se *stop/ping, stopsel, plaat*, ens.

Vir al hierdie lewenstake moet die **Onderwys** voorberei. Ook hier was dit tussen 1850 en 1900, met 'n enkele uitsondering hier en daar wat nie besonder veel invloed kon uitoefen nie (bv. Hugenote-Gedenkskool, Dal-Josafat), alles Eng. Die hele S.-Afrika het aan die Eng. vooruitgang gely, en selfs die Republieke het hul seuns en veral hul dogters na die *Public Schools* en *Seminaries* van die Boland gestuur. Veral die *Seminaries*, op Amerikaanse lees geskoei, deur ons

invloedrykste predikante gestig en aangeprys, en met lojale Eng.-sprekende personeel, het goeie onderwys gepaar met ongemerkte denasionalisering. Dit was die dae toe die Bolandse skole wyd en syd geroem is. Ook deur die verspreiding van die Kaaplandse onderwysers en studente oor al die ander provinsies is 'n buitengewone mate van eenvormigheid bereik. Deur die skool is nie alleen tegniese taaleenhede versprei nie, maar het dieper en minder sigbaar-Eng. invloede ingang gevind, almeer nuwe behoeftes by 'n al wyer kring geskep, en dus tot al wyer Eng. taalinvloed aanleiding gegee, bv. in vermaak en sport, waar die Eng. invloed nog altyd sal aangroei. Veral in die *boarding-schools*, waar die Afr. seun en dogter 'n paar maande tegelyk aldag die heeldagdeur Eng. gehoor en gepraat en gelees en geskrywe en gelewe het, moet m.i. die wortel van baie algemene leenwoorde gesoek word, bv. *breakfast, Mr, Mrs.* Vandag is die gevaar nie minder wesenlik nie: toe was dit Eng. en Afr. onderwysers wat Eng. probeer afdwing het; nou is dit Eng. en Afr. onderwysers wat Eng. tot Afr. verwater: in die ou dae was dit die Eng. vorm; nou is dit die Eng. gedagte. Selfs vandag nog word dikwels in 'n les wat in Afr. gelewer word, 'n Eng. of 'n op Eng. uitgespreekte term gebruik.

Ons hele skoolstelsel was in vroeër dae 'n byna onveranderde oorname van die Engelse; vandaar *Sub A, Standerd, die Std.-Sessers, primêr, sekundêr*, ens. Die leerlinge volg natuurlik die voorbeeld van hul meerderes, en hoor buitendien heel eers die Eng. name van nuwe begrippe—hoor hulle die Afr. daarna, dan is dit die Eng. met so min verandering soos moontlik. Gevaarliker was egter die omstandigheid dat 'n buitengewoon hoë persentasie van die Afr. bevolking binne die "skoolgaande ouderdom" kom, en dat hulle in alles Eng. modelle as die navolgenswaardigste gekry het: letterkunde, wetenskap, wellevendheid ("Ladies first!" of "Eers die dames en dan die here"), ens. In die skoolkamer kry mens dus die *skoolmiss* (aaklig!) of (*skool*)*teacher*, aan wie mens sê: "Miss!" (L. W. hoe seldsaam "Sir!" is). Met *chalk* skrywe sy op die *swartbord*; ons moet dan soos papegaaie *afcopy* of *neerskrywe* wat sy *opgeskrywe* het. Ensovoorts . . . So Eng. was die skool in die ou dae, dat selfs vandag nog

baie mense skaars op Afr. kan tel. Vandag praat ons pragtige suiwer Afr. as ons vir ons 'n bietjie wil *uitsit*: *gesertifiseerde Latynonderwysers maak applikasie op vorms vir 'n pos op die staf as assistente, van die prinsipaal*; ons het *eensessie, speletyd* op die *speelgrond, halwe vakansiedag* wanneer ons met *konsessie- of ekskursiekaartjies per spesiale trein ry*; ons skrywe nie meer op *slates* nie maar in *oefeningboeke* en begin twee *lyne* van bo af; ons *neem* landbou/wetenskap (*op*) wat ons later probeer *ophou* of vergeet; ons het mooi *skoolkamers* met die *direkte* of *Dalton-metode*, en die *skoolrade* het ons *skoolfooie* afgeskaf omdat ons *vry en verpligte* onderwys het; ons onderwysers werk nie buiten *skoolure* nie, want om die *eksamenpapiere* te *merk* as ons *vir 'n eksamen ingegaan/gesit/gecram* het is mos nie werk nie: ons wat so *sleg in die stywe papiere* gedoen het—en min *merke* gekry het, ons kry swaar; gelukkig *bly* ons nie meer *agter of na skool* en skrywe ons nie meer 100 *lyne* uit nie: dis onpedagogies; tog sê die oukêrel soms: “Kom sien my na skool”—want daar *gaan* 'n hele klomp *copy-ry aan*—en stuur slegte *rapporte* huistoe. Vandag nog het ons darem *bullies*, soms *dril*, en al die meisies dra *gyms*.

Ons Voortrekkers met hul “Hou Koers!” het met die Boy Scouts met hul “Be Prepared!” *opgevang*; *guides, brownies, cubs*—a nee a, is jy dan agter die tyd? As die oumense van hul armsalige skooldae praat, kan mens hul skaars verstaan—dis *essies, tiets, ipplaaai, hollideidae*, by die *konsirt* was ek *nirwois* en *eksaaitid* toe my *aaitem* omkom, maar ek het die *ipplôs* baie *geënjoi*, ens., voor en na, waaras ons nou rêreg Afr. praat. As mens nog hoor: “Meneer, wat is die *Gen. Sing.* van die *Plur.* van hierdie *irregular noun*?”—Nou ja, dis die uitsonderings wat die reël bewys, skandelik verengelste luiards sonder enige ruggraat of taalgevoel.—In sommige gevalle is die sigbare ofskoon oppervlakkige suiwering aan die in onbruik raak van die vroeër begrippe te danke, bv. *pupil teachers, slates*; maar oor die geheel aan die sterk Afr. bewussyn.

Is ons *matriek deur*, dan gaan ons na 'n universiteit, 'n *kollietsj*, 'n *Training College* (*Opleidingskollege*), of neem ons

toevlug tot 'n *Korrespondensie Kollege/kursus*. Die *studente-  
onderwysers* gee *kritieklesse*, neem *Hoër/Laer Primêr*, ens. *Onderwysers* het *vakansiekursusse*, kom op die *sieklys*, gaan *op langverlof* en skrywe geleerde artikels in "Die Unie" oor *intelligensietoetse*, die werklose *Gegradueerdes* uit die *Hoër Skole*, en ander navolgenswaardighede uit die verligte wêrelddeel Amerika.—As mens in 'n universiteit is, brei jou woordeskat vanself geweldig uit, dit spreek. Alles, van bo tot onder en van voor tot agter, is hier op Eng. lees geskoei, met die gevolg dat al wou ons Nedl. terme invoer, ons dit nie sou kan doen nie: die Nedl. sou iets anders beteken. Vandaar ons *kanseliers*, *senate*, *konvokasies*, *B.A.*, *B.Sc.* ens. ad infinitum . . . .

**Boerdery.** Het die Eng. vooruitgang veral by die skooldeur ingedring, by die plaashek het hy nie beleefd buitekant gewag nie. Ons boerderymetodes was (en is nog) in baie opsigte primitief, en al is ons boeregemeenskap net so konservatief as enige ander ter wêreld, was dit heel natuurlik dat hulle nie nuwighede sou versmaad wat klaarblyklik hul inkomste sou vermeerder nie. Nogtans is ons boere nie ryk genoeg om kosbare veranderinge te maak nie, en lê hul plase dikwels so ver van mekaar dat onderlinge taalbeïnvloeding moeilik gaan; uitstekende Eng. landboublaai en almeer die Afr. koerante en blaai bring hierin 'n gestadige verandering. Die sterkste invloed kom egter direk, dus in die Boland en in die O. Provinsie. Hoewel die **wynbou** baie oud is, is hy die naaste aan die Kaap; met die oorsese aanvraag om beter wyn- en druiwesoorte (veral "tafel"-druive), kry ons hier *droë wyne*, *wineries*, *alkohol*, *black prince*, *gros colman*, ens. En tengevolge van ons bars en kantene en *tot-stelsel*, kry ons die *Good Templars*, *pledge*, ens. Sowel in die Boland as in die Oostelike Provinsie het ons die **vrugteboerdery**, "sagte" vrugte soos *capés* (appelkose; soms "kaaps") (wat op *trays* gedroog word), *avocadopere*, en skilvrugte soos *valencias*, *grape-fruit*, *limes*, wat almal in *trays* of *boxes* as *exportvrugte* ge-export word. Baie "gedroogde vrugte" word ook gemaak. Ander soorte vrugte is die *pawpaw*, *mango*, *custard apple*, en *banana* wat deur Eng. koelies uit Natal gebring word. In verband met

alle **landbou** moet die grond deur allerhande soorte masinerie uit die Verenigde State of Engeland voorberei word, soos die *cultivator, disc-ploeg of -eg*, wat deur *tractors/trekkers* getrek word; dan het ons ook nog *self-binders, damskrapers* en handelingse soos *grop*. Die grond word met behulp van *goewermentsguano/koewanna* en *fertilisers* vrugbaar gemaak. Dan word allerhande **plantesoorte** gesaai of geplant, soos *hickory king* (mielies), *lusern, vegetable marrow/murgpampoen/murg van groente*, ens. Die **besproeiingswerke** met hul *irrigation, waterlevel, voorconstructors*, ens. help mee. So word dit vir die **veeboere** maklik om hul plase, wat al kleiner word, te *oorstock*. *Jakkalsproef, dip, shors* help hulle om beter soorte vee soos *merinos, angoras, korthoringbeeste*, en *donkies* aan te skaf. Perde kry name, Eng.: *Blackie, Charlie, Hackney, Po(u)n(ie), Waks* (swart perd), *Walton, W(h)il(e)y*, ens. Dit staan waarskynlik met die invloed van die *races* in verband. Die Eng. boere kry ook **jagpartye** op, waar *collies, pointers*, ens. te pas kom en name soos *Whiskey, Gyp* (djip), en *Prince* kry. Selfs die **gevogelte** ontsnap nie: *leghorn, plymouth rock, en starlings* (Rhodes-voëls) is Eng. onderdane. In die volstruisboerdery het ons 'n goeie voorbeeld van die intieme ekonomiese afhanklikheid van die res van die wêreld, veral van Engeland, en die gevolglike ontstaan of verdwyn van taaleenhede in S.-Afrika: voor die instorting van die volstruisveermode in 1913, was *primes, whites, blacks* en *drabs* die vernaamste onderwerp van honderde boere (en hul kennis) se gesprekke; vandag weet mens skaars daarvan.

Selfs in die konservatiefste Afr. bedryf het die Eng. kultuur- en taalinvloed dus orals ingedring, en dat dit die oppervlakkigste gebied van die Afr. lewe deurweek het, spreek vanself:

**Vermaak.** Daar is nie 'n enkele Afr. vermaaklikheid wat nie deur Eng. aangetas of verdrywe is of word nie (bv. jukskeigooi); die gewildstes is die Engelsstes, wat nogtans al in so 'n mate vir ons Afr. voel, dat Afrikaners hulle soms as ons "nasionale" spele na ander lande oorplant (bv. rugby in Holland of Italië).—Soos alle Engelshede, het hierdie oppervlakkigste soort heel eers in die kosmopolitiese hoofstad

met sy na-aperige vooraanstaandes ingang gevind, maar het sy invloed stadigaan uitgebrei. Dié uitbreiding het veral na omstreeks 1870 vinnig gevorder, en wel hoofsaaklik deur die Bolandse skole; vandaar die vooraanstaande posisie van die Boland op sportgebied. Van ander soorte vermake geld dit eweseer aan die begin, maar van die opkoms van die Witwatersrand af gebeur dit almeer dat nuwe, en veral Amerikaanse, vermake daarvandaan af oor S.-Afrika uitbrei. Die houding van die Afrikaner omstreeks 1800 teenoor vermaak word in die volgende rubriek bespreek.

Wonderlik genoeg was dit die vandag nog on-afrikaansste vermaak wat heel eers aan die Kaap ingang gevind het: die **Races**. Reeds gedurende die eerste Eng. besetting is daar by Groenpunt 'n renbaan gemaak, wat druk besoek is deur die hoë lui wat die vroegste verengels het. Spoedig was dit juis hulle wat die vooraanstaande posisies as perdetelers ingeneem het. Uit die aard van die saak het hierdie vermaak egter hoofsaaklik tot die welgesteldes beperk gebly—vandaar sy onafrikaansheid. Van die instelling van "sweepstakes" dateer die wyer Afr. belangstelling in perdewedrenne. Op hierdie gebied het ons *resies* (-ja, -koers ens.), vandag onmisbaar in Afr., *disnis* (*distance*: vgl. Mansvelt), perdename, 'n paar later ontlenings soos *tote* (*totalisator*), en 'n massa ongebruiklike -ismes wat in elke koerantverslag gevind word: Saterdag se Skrappings (DB 21.1.31; *scratchings*); mnr. E. Harris se b h Flaxseed (by Amadou . . .); ens. Soos die bals en toneelopvoerings waartoe die Eerste Besetting aanleiding gegee het, was en is die resies hoofsaaklik 'n modegeleentheid waarby die welgestelde vrouvolk hul klere en miskien hul gesigte laat bewonder, alles op suiwer Ascot-manier.

Soos die kennis van die resies is die kennis van die **theatre** in die verlede hoofsaaklik tot 'n paar rykes beperk hoewel ons ook hier baie vroeg reeds Eng. leenwoorde en -ismes teëkom (die toneel self as sodanig het in S.-Afrika onder Eng. prikkeling tot stand gekom; vgl. F. C. L. Bosman: Drama): *boxes* (loges), *pit*, *gallery*, *platform*, ens.

Die Engelse of deur middel van Eng. verspreide **danse** het wyer getak en dieper gewortel. (Vgl. Schonken 47 vlgg.)

Hiervoor was die elegante Kapenaars dan ook gereed. Volgens alle besoekers aan die Kolonie, was die Afrikaners versot op dans (Thunberg II 129, Kolbe II 304 vlgg., Lichtenstein I 283, Barrow I 67, Lady Anne Barnard 56, 83 ens.). Die kerklike teenkating ontstaan eers onder Eng. invloed (bls. 92). Dit is moontlik dat sommige van die 19e eeuse danse deur die Franse troepe omstreeks 1780 ingevoer is, maar o.a. in die volgende gevalle is Eng. invloed waarskynlik: *seties, horrelpyp, hotnotsriel, tiekiedraai, polka, pollinneis*, ens. Van later tyd dateer danssoorte soos die *Charleston, Yale Blues, one-step, rumba, tango*, ens. met hul *chassis* en ander bewegings. Hierdie ingevoerde vormlike danse met hul ingevoerde instrumentele orkeste wat ingevoerde liedjies speel en blêr, het byna heeltemal die Afr. volksdanse met hul volksliedjies verdring. Die -ismes krioel dan ook hier, bv. 'n *dans opkry/organiseer, jakkalsdraf*.

Soos op aanverwante gebiede waar die mode sy dwingelandy laat geld, sal dit hier onmoontlik blyk om die onafrikaanse te weer, wat mens ook al van sy wenslikheid of andersins dink; en sal die taaltoneel gedurig die veranderende mode weerspieël.

Naas die teater met sy eng invloed sfeer, kom aan die begin van die 20e eeu die Amer.-Eng. **bioscope**, broeines van allerlei taalongeregtigheid: selfs as hy af en toe op Afr. uitgespreek word, is dit nie *bioskóóp* nie maar *bioskoop*. (Amerika, wat die woord by ons ingevoer het, gebruik dit nie meer nie.) Veral hier laat Amerika sy invloed geld, bv. *OK (Baby/Chief), talkies, star/ster*.

Ook die **sirkustaal** is in S.-Afrika heeltemal Eng., al is ons grootste eintlik Duits (selfs die naam waarvan op Eng. uitgespreek word!); die belangrikste sirkusleewoorde is *clown* en *sirkus*.

As ons 'n meisie na die *bioscope* geneem het, staan ons haar 'n **cafe** of 'n *box chocolates* (soms wel *monkey-nuts*). Hier kry ons 'n *koeldrank* of wel 'n *ice-cream/roomys* (soos Sarie Marais 'n Neërprodukt), *toffee*, en ander soorte *sweets*; *pine-apples* ens.; of miskien rook sy ook een van ons *sighrets* wat sy met 'n *mêttjie* aansteek.

In die bioskoop, kafee, skouburg, of tuis, hoor ons die **gramophone** en die **wireless** die aakligste Yankee-musiek speel: *ragtimes* is nou *agter die tyd*, maar *jazz* en *crooning* is net die *rage*. Sowel praatmasien as radio het 'n hele familie saamgebring, bv. *record*, *Negro spirituals*; *condenser*, *inluister* (v. bls. 74). Party soorte vermake verdwyn weer soos die môredou, bv. *roller-skating* op *rinks*.

Ook ons **feestelikhede** is Eng., selfs ons *krismis*, bv. *Vader Krismis* (uit Nederland na Amerika na Engeland na S.-Afrika), met sy onvanpaste kleredrag en atmosfeer, *Krismisboxes*, *-puddings*, *-kouse*, *mistletoe* en gelukwensgebruike. Hier het ons 'n goeie voorbeeld van hoe die Europese kultuurtierlantyntjies òf nooit deur die Hollanders na S.-Afrika gebring is nie òf volkome uitgesteef het (bls. 37), en hoe, toe hulle eindelijk hier aangekom het, hulle Eng. was, bv. die *kersboom* uit Duitsland na Engeland (1841 Prins Albert) na S.-Afrika. Die *krismiskaartjie* is suiwer Eng. (W. A. Dobson 1844).

Elemente uit al die Eng. vermake, en sommige reste van Afr. vermake vind ons nog by die **picnic**/*piek(e)nie*, eintlik 'n Eng. stadsartikel wat deur die boarding-skole sy wortels diep in die Afr. lewe geslaan het. In die Afr. lewe was egter aanknopingspunte, soos Nagmaalopkomste, of die verplaat-sing van dansvermake van die huis na die skuur of waenhuis, en vandaar na die boombeskatte werf.

Hier het die skoolsaadjies in sulke vrugbare aarde geval, dat ons Afrikaansste **speletjies** en liedjies uit Engeland of Amerika kom. So *oranges and lemons*, *alleroose*, *there was a jolly miller*, *here we go gathering nuts in May* (!), *siembamba* (vgl. Schonken 111 vlgg.), *musical arms/chairs*, *rounders*, *see-saw*, ens. Hier kry ons soms ook in suiwer-Afr. of in heeltemal verafrikaanse speletjies Eng. tegniese terme, bv. by albasters: *mikkeldon* (knuckle-down), *ellie* (alley), *vet* (fat); by klip-op-hand: *uppens*!; by wegkruipertjie: *koeee*!, ens. Meer sitkameragtig is speletjies soos *word-making* en *word-taking*, *noughts and crosses*, *think of a number*, *gonsequences*, (*dumb*) *charades*, *blaas/tafelvoetbal*, *jakkals en canse*, tallose *puzzles*, ens.

Die kaarte het veral verengels : ons speel *bridge/brug, snap* en *oumeid, cut, deel/deal* (dis jou deel), ens. Weer omdat die mode dit vereis.

Baie speletjies is internasionaal of algemeen menslik, sodat mens versigtig moet wees ; maar die terme is nie Eng.-internasionaal nie. Nog minder die kinderliedjies en -formules wat soos die speletjies in die vroegste en intiemste lewe van die kind en van die volk gewortel is. O.a. bevat ons Afr. kultuurskat juweeltjies soos *Pollie ons gaan Pêrel-toe* (Goodbye ladies), *eena deena daina dou, walking on the green grass, this year next year sometime never, one for a wish . . .*, *huis paleis pondok varkhok ; tarara boom-dee-ay, Gammat het die vark gery* (omstreeks 1890) ; *Rosie is my darling dear ; Tipperary* (1915). (Vgl. verder o.a. Schonken 18, 193 ; Groenewald ; S. J. du Toit.)

Die ou-Afr. liedjies en speletjies is òf dood òf aan die doodgaan. Dit is veral deur die skole, en byname die skoolkoshuse, wat die Afr. kind met sy Eng. maatjies aan Eng. speletjies en Eng. **sport** deelgeneem het, wat sport betref, onder leiding van sy Eng. of Eng.-kundige onderwysers. Eng. oorsprong, Eng. leermeesters, Eng. modelle, Eng. vervaardigers van sportbenodighede met Eng. pryslyste en Eng. reglemente, Eng. koerantverslae—hierdie omstandighede het verafrikaansing slegs onwaarskynlik gemaak ; dit was die onbetwyfelbare voorrang van die Engelsman op sportgebied wat dit onmoontlik gemaak het—daar was niks in die praktiese Afr. boerelewe waarby die Eng. *sports* kon aansluit nie, niks waardeur hulle na Afr. modelle vervorm kon word nie. Die taal is dus òf verengelste Afr. òf verafrikaanse Eng., en dié gebied die rykste wat Eng. invloed op Afr. betref. Die Eng. sport kan nooit Afr. word nie, maar as die sportterme eers Afr. is, dan is een van die allerbelangrikste vestings vir Afr. gewonne : daar is min “kultuurelemente” wat so ’n vat op die jeug en die publiek het soos die sport. ’n Opgawe van die Eng. invloed is hier onmoontlik : dis alles òf Eng. òf soms leenvertalings. Byna alle terme kan sowel selfstandige naamwoorde as werkwoorde wees (soos gewoonlik in Eng.). *Football, tennis, cricket, hockey, bowls, croquet, netball, basketball, tenniquoits, soccer,*

*baseball, golf, waterpolo*, roei, swem, atletiek, boks, stoei, skiet—maak u oë toe, steek u hand in, en u het 'n Engelsheid beet. Soos op alle ander gebiede vind ons ook op sportgebied 'n kragtige poging tot uiterlike verafrikaansing, d.w.s. wat die skryftaal betref. Veral die onderwys, wat oorspr. die saak en sy Eng. taalgebruik ingevoer het, werk hierin mee. Wat die koerantverslae betref, hulle bereik soms die redaksie weliswaar as Eng. Reuterverslae wat onmiddellik vertaal en gedruk moet word; maar in stukke wat korrespondente en redaksielede self opstel kom dikwels erger -ismes voor. In elke geval lewer die koerant die intellektuele voedsel waarvoor daar die grootste aanvraag bestaan; het die lesers beswaar gemaak teen wat die sportredakteur skrywe, sou hy in die pad gestee word, maar hulle hou van sy taal—dis wat die publiek wil hê: 'n mooi Afr. vernis om hul Afr. gewetens tevrede te stel. Daar is g'n rede om die koerant se Engelshede as "haastigheidsanglicismen" te vergoeliek nie: daar is niemand wat so op sy hoede teen angl. is soos die Afr. joernalis nie. Mens vind dan ook die meeste angl. in die korrespondensiekolomme.

Verder is ons **Maatskaplike Lewe** met al sy vorms en gewoontes, op straat, aan tafel, by 'n verlowing, by 'n trouery, op 'n partytjie Eng. Hier regeer die Mode: "liewer uit die tyd as uit die mode"; die enigste mode wat die Afrikaner ken en aanbid, is die Engelse. Dat die Nederlander dikwels soos die Afrikaner handel, maak die S.-Afrikaanse gewoontes nie minder Eng. nie; selfs as dit nie net 'n eilandgewoonte is nie maar 'n wêreldrigting, word dit in S.-Afrika deur Engelse vertolk. Baie van die Eng. wellewendhede is oorspr. in die naam des Heeren deur die Seminaries versprei.

**Formules** het 'n eienaardige gevoelskleur, wat dikwels die ongemaklike aanwesigheid (of afwesigheid) van 'n bepaalde gevoel moet verberg (bv. ongemaklikheid by groet of afskeid neem). Eng. is hier o.a. *Miss, Mr* en *Mrs* (vgl. Pannevis in die Gedenkboek), *Lord, Lady, Daddy* (nog betreklik seldsaam), *Mummie/Mums, Uncle* (seldsaam), *Aunt/ie*. Kleurlinge sê: "Nôï!" maar: "Miss Hester!" Die een oom is 'n Uncle Jack, die ander 'n Oom Piet; die een tante